

**Skriflesing:** Psalm 110; Openbaring 20

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 19**

**Teks: Psalm 110:1,4;**

**Sing- SAMESANG: Ps.83:1**

**TYDENS EREDIENS: Ps.118:7; Ps.81:1,9,12; Ps.148:1,2**

Ons moet die hemelvaart van Christus (Sondag 18) en die gaan sit aan die regterhand van God nie maar op een lyn stel nie. Broeder en suster, Elia het ook opgevaar na die hemel, maar hy het nie aan die regterhand van God gaan sit nie. In Mattheus 26:63-64 het Jesus voor die Joodse Raad gestaan, almal probeer om 'n beskuldiging teen Jesus in te bring, en toe kom Kajafas om nou finaal iets teen Christus te probeer vind. Hy sê vir Christus- *Ek stel jou onder eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: is jy die Christus, die Seun van God?* En as Jesus hom antwoord, dan antwoord Jesus terselfdertyd die vraag in ons belydenis, want het Jesus so duidelik by Sy antwoord gevoeg- *Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel...*

Hierdie baie duidelike antwoord van Christus, is nie maar uit die lug gegryp nie. Jesus het in hierdie antwoord, soos in al sy antwoorde die Ou Testament met Hom saamgeneem. Hy vervul ten volle wat daar in die Ou Testament reeds oor Hom geprofeteer is, en moet ons eenvoudig Psalm 110 met die belydenis saamlees: *Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.* Vers 4 staan direk hiermee saam- *Die HERE het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek.* Die antwoord van Jesus aan Kajafas is baie duidelik die Woord van die Here soos Psalm 110 dit duidelik maak en as Markus in baie kort die hemelvaart van Christus beskryf dan staan daar in vers 19- *Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God...* Daar is nog baie ander plekke waar ons ook in die Here se Woord hierdie besondere posisie, 'n ere posisie, 'n magsposisie van Christus hoor. Rom 8:34 en Ef. 1:20 wys Paulus ook elke keer dat Christus aan die regterhand van God is waar Hy vir ons pleit en wys Efesiërs spesifiek op die sterkte van God se mag waar dit dan pertinent gaan om die feit dat *God Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele...*

\*\*\*

Die gaan sit aan die regterhand is die troonbestyging van Jesus Christus waar Hy vanuit die hemel werklik alle mag sal uitoefen. Hy wat kort voor sy hemelvaart aan sy dissipels gesê het- *Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde* (Matt.28:18), dit wat Hy nou doen is om hierdie mag werklik ten volle uit te oefen. As Mens het Christus nie voorheen al hierdie mag gehad nie, maar nou op grond van wat Christus verdien het, het sy Vader aan Hom al die mag gegee. Satan het met die derde versoeking Christus 'n klomp mag op aarde aangebied en met besliste afwysing het Christus die duiwelse mag geweier, maar wanneer Christus deur alles hierdie oorwinning oor Satan behaal dan ontvang Hy nie net alle mag op die aarde nie, maar ook alle mag in die hemel.

\*\*\*

Ons moet dit vir onself baie duidelik voorstel, hierdie besondere posisie aan God se regterhand, dit wat nou in Christus gebeur is die herstel van 'n geweldige orde. Die orde van Melgisedek moet ons tussen die oë tref. Wanneer Dawid in Jerusalem regeer dan was daar ook buitengewone mag en heerlikheid vir Dawid geskenk. Hy wat Psalm 110 geskrywe het. Hy het na baie jare en baie stryd sy troon in Jerusalem kon vestig, maar daar bly vir Dawid na die vervulling van baie ideale die herinnering van wat vroeër in Jerusalem was, wat hy besef nog nie weer vervul is nie. Uit die dieptes van hulle verlede was daar spesifiek in hierdie stad, die man wat Melgisedek genoem is, koning van Jerusalem, toe nog net Salem genoem.

Hy wat koning was, hierdie Melgisedek maar hy was ook priester van die allerhoogste God. Watter geweldige kombinasie, broeder en suster, die kombinasie waar een mens dit word, priester-koning tegelyk! Dawid het in hierdie wyse van hoe God in Melgisedek Hom geopenbaar het, nie kon rus voordat hy besef hy wat Dawid is sal nie die orde van Melgisedek kan herstel nie. Hoe hard het hy in hierdie orde wou meewerk, hoe hard het hy probeer om dit te herstel! As koning kon hy nie rus dat die ark nie ook in die stad is waar sy paleis staan nie. Die priesterdiens rondom die ark, dit wat God se teenwoordigheid in alles uit spel, moet mos wees waar hy is wat Dawid is. God moet deur sy ark ook in Jerusalem inkom. Hy het besef toe Melgisedek hier was, toe was sy troon ook 'n altaar, sy paleis het gestaan in die skadu van die tempel.

Daarom tref dit ons toe dit ten einde laaste gebeur dat die ark Jerusalem inkom, toe het Dawid sy koningseer nie gewys nie, maar hy het homself tussen die volk gestel, gelyk aan hulle met geen koningskleed geklee maar net met 'n lyfdoek om hom gedraai, maak hy homself bekend dat ek wil ondergeskik wees aan hierdie ark, waarop God se troon ons stad inkom. Hierdie priesterkleed, dit wat Dawid hom aantrek moet belangriker wees as wat hy 'n koningskleed dra.

Die ark is wel daar maar Dawid wil 'n tempel bou. Hoe kan hy wat Dawid is in so 'n pragtige paleis woon maar God het net 'n tent. As dit in die orde van Melgisedek kan geskied dan mag die heerlikheid van die altaar nie dowwer wees as die glans van die koning se troon nie. God het hom ook hierin tegemoetgekom, want sou Salomo wel 'n tempel kon bou wat die koning se paleis in die skadu sou stel, maar die verskil is tog nie weggeeneem nie. Al bou Salomo die prag tempel, maar hyself sou nie hoëpriester in hierdie tempel wees nie. Koning-priester gelyk is nog Dawid, nog Salomo. Hulle uit die geslag van Juda sou kon word die koninklike geslag maar nie die priesterlike geslag nie. Die geslag van Levi daaruit sou die priesters kom. Al het Dawid 'n priesterhart gehad, al het hy 'n priesterkleed kon dra, maar die priesterdiens is van hom weggehou net soos dit van Salomo weggehou moes word. Tot die hoogte van Melgisedek sou niemand van hulle mag kom, om tegelyk priester-koning voor God te wees. So min soos Saul wat wou offer, daardeur het hy sy troon verloor, ook as koning Ussia probeer om as hoëpriester die tempel met wierook in te kom, dan gooi God hom melaats daaruit.

In hierdie omstandighede en by hierdie besef tref ons koning Dawid se troos in Psalm 110 aan. Die Melgisedek probleem sal wel nog weer opgelos word, en hierdie oplossing is waarmee Sondag 19 van die Kategismus mee besig is. Die HERE wat aan Dawid se Here sê – sit aan my regterhand, want Hy het aan sy Here gesweer - *U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek...*

\*\*\*

Hoe wonderlik tref ons hierdie vervulling van Sondag 19 in Psalm 110 aan. As die Seun van God kom, Hy wat God as Hoëpriester verkies het, dan baan die Priester deur sy hemelvaart 'n weg tot in die binneste heiligdom, dan word sy Koningskap ook volmaak,

waar Hy gaan sit op die troon van God. Die voorhangsel is weggeneem, die troon van God in sy tempel kan nie langer geskei word van die Koning se setel nie. Die Koning-Priester het die hemel so ingekom dat Hy genoem kan word die Een wat die hemel opgeruim het. Iemand het dit baie treffend gestel- “In die groot provinsie van God se ryk, is dinge reeds volledig opgeruim. Al wat nou oorbly, is dat ons verhoogde Middelaar by sy wederkoms ook nog die stippelklein aardprovinsie finaal sal kom opruim.”

\*\*\*

Al word die naam van Melgisedek so min in die Ou Testament genoem is dit tog asof die figuur van Melgisedek tog in geheel die Ou Testament beheers. Veral as ons besef Wie die eintlike Melgisedek vir ons moet wees, en watter orde Hy vir ons herstel het. As ons belydenis in V/A 50 die heerskappy van Christus bely juis waar Hy aan God se regterhand is, Hy ons Koning, dan het Psalm 110 sy koningskap reeds effektief gestel, want dit wat ’n koning moet doen is om te regeer, en daarom dat in Psalm 110 ook staan- *U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê- Heers te midde van u vyande.* Sy mag is onbegrens, selfs al sy vyande sal soos ’n bondeltjie onder sy voete kom lê. As die Here stel dat Hy sy vyande sal maak ’n voetbank vir sy voete, dan is dit eintlik aangrypend hoe hierdie Koning deur sy gaan sit aan die regterhand van God sy vyande soos in een hoop onder sy voete plaas. Hulle lê daar voor Hom op die grond, sy voete trap as’t ware al hulle nekke vas!

Jesus het baie duidelik Psalm 110 as ’n profesie gesien wat ten volle op Hom sy volle betekenis kry, en Dawid was maar net die instrument om die waarheid hiervan ook ten volle ons belydenis in te dra. Die koningskap van Christus is eindeloos, juis omdat sy priesterdiens volbring is. Sy troon staan vas want sy altaar was onverganklik. Ons moet eintlik slegs wil drink uit die beker wat God ons hier aangee. Psalm 110 praat ook van ons moet drink uit die stroom, en die dou van u jong manskappe moet ons lippe nie mis nie.

\*\*\*

Ons as kerk van die Here, Sondag 19 is juis ’n belydenis spesifiek vir die kerk. Sy gaan sit aan die regterhand het alles daarmee te doen dat Hy die Hoof is van sy kerk en dat die Vader deur Christus alles regeer. V/A 51 vra spesifiek die vraag nog dieper as daar vir

die kerk gevra word – **Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus (vir) ons?** Christus se troonbestyging het 'n bepaalde prioriteitsorde. Hy betoon Hom eerste as die Hoof van sy Christelike kerk en daarna staan dan dat Hy oor alle dinge regeer. Die Here se hart is by sy kerk in hierdie wêreld. Die Kerk is nie daar ter wille van die wêreld nie, maar die wêreld is daar ter wille van die Kerk. Dit word dan al hoe duideliker dat as die verhoogde Middelaar sy doel met sy Kerk op hierdie aarde bereik het, dan kan die wêreld maar vergaan.

Die natuurverbond is altyd ondergeskik aan die genadeverbond. Laat ons dadelik beseef die wêreldregering is net soveel in Christus se hande, al mag dit baie keer vir ons nie so lyk nie. In Openbaring 5 is die Enigste Een wat die seëls kon breek, Hy wat ons Here Jesus Christus is, Hy wat die Koning van die konings is. Hebreërs 2:8 staan dit duidelik- *Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan Hom het Hy niks uitgesonder wat aan Hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, naamlik Jesus...* Toe Josef in Egipte regeer het, toe het Israel ook alles behalwe dit gesien dat Hy daar regeer ter wille van hulle... So regeer Christus dan ook die hele wêreld dat dit vir sy kerk ten goede moet wees. Hy is ons Hoof, Hoof van die liggaam wat sy kerk is. Alles gebeur deur Hom. Ons kan dink aan hoe dit met ons liggame ook werk. Jou mond is deel van jou hoof- so moet alle voedsel vir jou maag eers deur jou mond gaan, voor dit by die maag kan kom- lug moet eers deur die neus/mond gaan, voor daardie lug die longe kan vul. Die liggaam kan geen voedsel of asem kry sonder die hoof nie. Die kerk kan sonder sy enigste Hoof net so min bly lewe soos die liggaam sonder lug of kos.

Ons moet daarom nooit Christus se kerkregering as van bykomstige betekenis bely nie. Die gaan sit aan die regterhand is nie maar net 'n belydenis in naam nie, maar dit het alles te make met wat die Koningskap van sy kerk in 'n presbiteriale kerkregering vir ons moet beteken. Die volle heerlijkheid hiervan het ons vadere in die vorige eeue tot afskeiding en dolering gedwing toe hulle werklik daarna verlang het in hulle stryd teen die reglemente dat Christus nie net in Naam as Hoof van sy kerk erken moet word nie, maar sy gaan sit

aan die regterhand van God is die hoogste plek wat alleen die Koning van die kerk elke oomblik in sy kerk moet kan beklee.

\*\*\*

Dit gaan in ons belydenis dan ook baie duidelik om die hemelse sluise van seëninge wat Christus as Hoof vir sy kerk gee. Die woord uitstort word gebruik. Dit kom nie in druppeltjies oor ons nie, dit word oor ons uitgegiet. Die gawes wat die Here oor sy kerk uitstort kom in strome. Psalm 23 besing dit ook van u self my hoof met olie my beker loop oor.

Alles is so beskrywend van die oorfloed van gawes wat oor ons uitgestort word. Jesaja 44:3-4 het hierdie oorfloed wat in Christus oor ons sal kom reeds mildelik beskryf- *Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge. En hulle sal uitspruit tussen die gras in, soos wilgerbome by waterlope...* Op Pinksterdag het hierdie heerlijkheid van die Kategismus 'n volle werklikheid geword. Die gawes oor ons uitgestort kom van die vaste troon en van Hom wat daarop sit wat ten volle die orde van Melgisedek in ons lewens as Priester volbring. Hy die Koning aan die regterhand is ook ons Priester wat ons laat drink uit die vol beker van God Self.

Die gawes (die charismata) wat Christus aan sy kerk skenk, is eenvoudig te veel om op te noem. Dink maar aan die wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, die vermoë om te volhard tot die einde toe, die gawes van geloof, hoop en liefde, die gawes van innerlike vreugde en vrede. Selfs die kos wat ons eet, die klere wat ons dra, daar waar ons bly, alles is gawes uit die hand van die Koning wat dit as Priester aan ons uitdeel. Dadelik besef ons dat alleen die oog geoefen in die godsaligheid, alleen so 'n mens is in staat om al hierdie dinge as hemelse gawes te sien. Daarom dat selfs die onaangename dinge, teleurstellings, die rampe, verdriet, dit is selfs ook hemelse gawes, as die Here hierdeur jou geloof louter, en dat ons selfs hierin besef hoe dinge ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet (Rom.8:29).

Dit gaan in V/A 51 om meer as net ons versorging. Dit gaan ook om ons beskerming. Christus wat met sy mag ons beskerm en bewaar teen alle vyande. Die Here se Kerk was dwarsdeur die geskiedenis deur talle vyande omring. Vyande wat ons ook permanent bedreig. Later in antwoord 127 dan noem die Kategismus hierdie vyande by die naam- die duiwel wat met sy bese mag mense en volke teen die kerk opsweep. Ook die wêreld met sy sekularisasie, verlokking en verleiding. Ook my eie sondige natuur, die verraaier hier binne my wat eintlik vanuit myself die deure vir die wêreld en die duiwel so wyd kan oopmaak. As hierdie drie saamstaan, is dit geweldig dit waarteen ons beskerm moet word.

Weereens is ons Hoof die Een aan die regterhand van God ter wille van sy kerk. 'n Liggaam kan in die woeste see geweldig rondgegooi word, maar met die noue band wat daar tussen Hoof en liggaam is, kan die liggaam maar heeltemal onder die water wegraak, maar solank die hoof bo is, kan die golwe maar teen die liggaam so hard slaan soos hulle wil, hulle sal nie die liggaam doodmaak nie. Die liggaam agter die hoof sal beskerm en bewaar word. Ons Hoof, Jesus Christus is altyd bo, Hy is ons Hoof in sy heerlikheid. Geen mag van die duiwel of die hel kan ons van Hom losruk nie. Hy bring sy kerk in veiligheid. Watter wonderlike versekering gee die Here aan sy kerk dat die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (Matt.16:18). Niemand wat aan Hom behoort sal uit sy hand of uit die hand van die Vader geruk kan word nie (Joh.10:28-29). Paulus praat met groot sekerheid as hy in Rom.8:38-39 ons kan verseker dat niks en niemand ons sal kan skei van die liefde van God in Christus nie.

Al lewe ons op hierdie aarde 'n moeisame stryd en sien ons baie dinge soos deur 'n spieël in 'n raaisel, moet nie wil twyfel oor Satan wat gebind is nie. As die duiwel se speelveld werklik oop was, as Satan werklik los moes gewees het, en op geen manier ingeperk was nie, dan sou hierdie wêreld in alles totaal oorgegee en verwilderd gestaan het. Was dit nie vir hierdie Almagtige beskerming deur onse Here van sy strydende kerk hier op aarde nie, dan sou die kerk lankal tot in sy fundamente afgebreek gewees het.

Ons belydenis bind ook Satan want deur Christus se mag, beskerm en bewaar Hy ons teen alle vyande. Openbaring 20 wys duidelik op hierdie binding, spesifiek hoe Satan aan bande gelê word, sodat die Here eers sy werk met sy gelowiges op hierdie aarde kan volbring. Ons lees baie in die Bybel van hierdie verhinderings, die blokkade wat daar danksy God se genade op die Satan geplaas word. Soos iemand gesê het, die duiwel is maar soos 'n aap aan 'n ketting. Ons ontken nie vir 'n oomblik die gespanne tye wat ons in is nie. Die verwarring en misleiding wat daar bestaan, selfs vanaf kansels word verwarring en misleiding gesaai. Die kerk, die valse kerk, sal juis die krag agter die koms van die Antichris wees. Paulus sê in 2 Thessalonicense 2:4 hoe die Antichris in die kerk van God sal gaan sit en voorgee dat hy God is. Johannes verwys ook daarna as hy in sy eerste brief skrywe- *Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie, want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het* (1 Joh.2:19).

In hierdie omvangryke stryd waar dit baie keer sal lyk die kerk is in die chaos gedompel, die liggaam is aan ontbinding oorgegee, mag die een wie die laaste deel van Sondag 19 bely weet dit is nie so nie. Die troos wat daar is- is geweldig groot- **Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?** Die Here sal nie toelaat dat al gaan dit hoe sleg dat dinge onder die magtige beheer van sy hand (Son.10) sal uitraak nie. Alles gebeur, selfs dit wat moeilik is, as deel van die wyse waarop ons verhoogde Middelaar vanuit die hemel sy Kerk op hierdie aarde na die eindbestemming voer. Daar is geen rede om Christus nie met 'n opgerigte hoof te verwag nie. Dit is hoe dit vroeër in antwoord 52 vertaal is. Dit beteken soos die vertaling tans lui- dat daar nou 'n gespanne verwagting, ja 'n gespanne uitsien na die koms van Christus by ons moet wees. Al sal die kerk intussen tye van groot droefheid en vervolging te beurt val, waarin die Kategismus ons ook voorgaan. Die Antichris sal kom met sy laaste magtige optog, so sal dit selfs begin lyk of die duiwel besig is om die oorhand te kry, maar soos ons ook in Openbaring 20 gelees het dan sal die Here hom met vuur tref en die groot oordeel sal aanbreek.



Almal sal dan voor Christus verskyn om geoordeel te word. Openbaring 20 noem die boeke wat geopen sal word, maar soos ons in Art.37 NGB bely is dit inderdaad die gewete van elke persoon wat geopen sal word.

Dan sal dinge tot op die been gebeur. Die goeie sal nie meer sleg, en die slegte sal nie meer goed genoem word nie. Die duisternis sal nie meer as lig en die lig as duisternis voorgestel word soos wat dit tans baie gebeur nie. Vir die ongelowiges sal hierdie dag wat so onverwags sal kom, so onverwags soos 'n dief in die nag, sal die goddelose verskrik wees, maar vir die kinders van God sal dit 'n wonderlike dag wees. Die Kategismus noem hierdie dag 'n troos. Christus se koms om te oordeel is werklik 'n troos want dan sal Christus wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel het alle vervloeking van my wegneem. Hy ons Redder, wat dan as Regter uit die hemel verag kan word sal dan die volle uitspraak oor ons maak, om op grond van sy eie soenverdienste ons vry te spreek en die ewige lewe te laat beërwe.

Ons kan Hom soos oorwinnaars verag. Met groot verlange moet ons wat nou dikwels in die smeltkroes kom Jesus se waarskuwing hoor- *DIE TYD IS NABY! Wie vuil is, laat hom nog vuiler word...en laat die heilige nog heiliger word.* (Op.22:10-11). Die Heilige Gees wat in Sondag 20 in besonder ons belydenis vul, laat ons as kerk saam met die Gees die bruidsgroep hoor- *Kom, Here Jesus, ja...kom gou!* Die lyding wat ons tans ervaar, en wat nog baie erger kan word, sal in alle geval nooit kan opweeg teen die heerlijkheid wat Christus ons in alle geval op die dag sal skenk nie (Rom.8:18)

AMEN

Vrae uit Sondag 19

1. Wat is die verskil tussen Elia en Jesus Christus se hemelvaart?
2. In watter Psalm in die Ou Testament word gesê dat Christus aan die regterhand van God sal gaan sit?
3. Wat beteken dit dat Christus aan die regterhand van God gaan sit het?
4. Watter geweldige orde is deur Christus se gaan sit aan die regterhand herstel?
5. Watter groot verskil het koning Dawid in sy lewe met die van Melgisedek beleef?
6. Wanneer het Christus hierdie besondere orde herstel?
7. Watter voordeel word daar in Sondag 19 spesifiek vir die kerk uitgespel?
8. Is die wêreld daar ter wille van die kerk of is die kerk daar ter wille van die wêreld?

9. Op watter wyse word die gawes wat God deur Christus aan sy kerk wou skenk beskryf?
10. Wanneer het hierdie gawes (seëninge) vir die kerk van die Here 'n volle werklikheid geword?
11. Noem 'n paar van hierdie gawes wat Christus ons skenk?
12. Gee God net gawes om ons te versorg? Indien nie watter gawes word daar dan nog geskenk?
13. Is dit reg om die duiwel te beskryf dat hy in die wêreld los is?
14. Sal die "kerk" by die finale verskyning van die Antichris enige funksie vervul?
15. Hoe sal dit met die ware kerk in hierdie laaste dae gaan?
16. Wat sal op die heel laaste dag van hierdie wêreld se bestaan gebeur?
17. Wat is die betekenis van die boeke wat geopen sal word (vgl. Art.37 NGB)?
18. Hoekom kan ons hierdie laaste dag as 'n wonderlike dag vir die gelowige inwag?

### SONDAG 19

**50. Waarom word daar bygevoeg: *en sit aan die regterhand van God?***

Christus het na die hemel opgevaar

*Hoekom?*

sodat Hy Hom daar as die Hoof van die Christelike kerk kan betoon

deur wie die Vader alles regeer

**51. Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?**

Deur sy Heilige Gees stort Hy die hemelse gawes in ons, sy lede, uit

Met sy mag beskerm en bewaar Hy ons teen alle vyande

